

## ‘n Kersboodskap van vreugde te midde van ‘n maalkolk van teenstrydighede... is ons besig om ons oë toe te knyp vir die werklikheid?

13 Desember 2009

Wat bring vir jou vreugde?

- Is dit dalk sukses by die werk, ‘n kontrak wat afgehandel word, ‘n mikpunt wat bereik is?
- Om tyd met jou kinders of kleinkinders te spandeer
- Dalk om in die natuur tyd te spandeer
- Miskien is dit om ‘n sport-doelwit te bereik, bv. Ek was in ekstase toe ek my eerste half-marathon in 1h50min gehardloop het
- Of wat van die idee van ‘n lang-verwagte vakansie wat om die draai lê, of as jy so gelukkig is... reeds aangebreek het. Ek is seker julle kan aan nog ‘n hele lys dinge dink... hierdie is sommer ‘n paar voorbeelde van dinge wat gewoonlik vir mense vreugde verskaf.

As ek mooi dink oor die atmosfeer wat tydens Kerstyd in ons omgewing en samelewing heers, kry ek die indruk dat dit byna onvanpas is om nie vreugdevol op te tree en deel te neem aan die vreugdevolle feesvieringe nie. Die winkelsentrums en ons huise is vol Kersversierings, die strate is vol Kerstliggies, en Kerstliedere word oral gehoor, ens. Dit alles dra by om ‘n baie vrolike, feestelike en vreugdevolle atmosfeer te skep tydens Kerstyd.

Maar miskien is Kersfees hierdie jaar vir jou nie so ‘n vreugdevolle tyd nie. Miskien is jy bekommerd oor finansies - dit is immers algemeen bekend dat talle werknemers nie verlede jaar bonusse gekry het, of hierdie jaar bonusse en verhogings gaan kry nie. Miskien het jy (of iemand na aan jou) selfs jou werk verloor. Miskien lê jy wakker oor die werknemers wat jy moes herontplooi...

Dalk beteken Kersfees vir jou ‘n hartseer tyd, omdat dit die verlies van ‘n geliefde weer vars in jou geheue bring. Dalk beteken Kersfees vir jou wel die samekoms van familie, maar terselfdertyd ook rusie en verskille met daardie selfde familieledede.

So wat maak ons met Skrifgedeeltes soos Sef.3 en Fil.4 waarin ons opgeroep word tot vreugde en blydskap? As ons Sef.3:14-20 in die konteks van die hele boek gaan lees, lyk dit eintlik vreemd, want hierdie oproep om te jubel, volg direk op ‘n aankondiging van oordeel. Dit is egter ‘n oordeel wat loutering behels, suiwering om die verhouding tussen God en sy volk te herstel. Hierdie oproep tot vreugde kom egter nie in ‘n tydperk van maanskyn en rose nie. Dit was ‘n tyd van uitdagings en onsekerheid vir Israel - politiek was hulle nie onafhanklik nie, hulle ekonomie het gesukkel, en dit was ‘n tyd van groot onsekerheid oor die toekoms van die volk. Op daardie stadium, tydens die laaste helfde van die 7de eeu v.C., was die Israëliete nog die krygsgevangenes van Assirië. Dit was ‘n tydperk waarin die Assiriese Ryk egter al meer begin wankel het, en die Nieu-Babiloniese Ryk al sterker begin word het - so dit was ‘n tydperk waarin die internasionale politieke klimaat baie onstabiel was. En Israel het hulself in die middel daarvan bevind, met basies geen politieke mag van hul eie nie.

In hierdie konteks bring die profeet Sefanja ‘n boodskap dat die Here die ander nasies, sowel as Israel gaan oordeel oor hulle sonde en ongeregtigheid. Hy bring die boodskap

dat God vir Israel gaan suiwer en louter en die verhouding tussen God en sy volk gaan herstel. En dan kom die oproep aan Israel om te jubel oor wat God gaan doen.

Vir ons wat in die jaar 2009 lewe, is dit dalk makliker as vir die Israëliete van daardie tyd om ag te slaan op hierdie oproep tot vreugde. Ons kan immers in die Nuwe Testament lees oor Christus se eerste koms deur sy geboorte, sowel as oor sy wederkoms wat gepaardgaan met God se aksies om die aarde en hemel nuut te maak. En dit is presies wat ons vier met Advent - hierdie twee komste van Christus - die rede vir ons vreugde en blydschap.

Nietemin kan ons maar eerlik met mekaar wees oor die dinge wat dit vir ons moeilik maak om vreugdevol en bly te wees - dinge soos pyn, verlies, bitterheid, ontugtering, ens. Dis alles deel van die ervaring wat ons die lewe noem. So dan is my vraag - kan ons werklik nog feesvier en opreg vreugde ervaar te midde van die dubbelsinnigheid van die lewe? Of is ons eintlik maar net besig om elke nou en dan ons oë toe te knyp vir wat werklik om ons aangaan? Dit wil voorkom of Skrifgedeeltes soos Sefanja 3:14-20 ons tog oproep tot vreugde, te midde van moeilike omstandighede. Maar hoe maak ons sin van hierdie oproep tot vreugde? Hoe kan ons as mense wat met integriteit wil lewe, steeds God se vreugde in ons lewens ervaar wanneer ons ons in moeilike omstandighede bevind? Miskien lê daar vir ons 'n leidraad in die geskiedenis van die viering van Kersfees...

#### Agtergrond van Kersfees

Die naam Kersfees kom van die oud-Engelse *Christes maesse* wat verwys na die erediens wat op 25 Desember ter ere van die geboorte van Jesus Christus gehou is. Die naam is die eerste keer in 1038 n.C. gebruik. Aanvanklik is Kersfees gevier as teenvoeter vir onder andere die sogenaamde Mitrasfees wat rondom 21 Desember gevier is. Dié fees, op die kortste dag van die jaar in die noordelike halfrond, het die "terugtog" van die son gevier. Deur Kersfees te vier het Christene vir hulle nie-Christelike bure gewys dat hulle glo in die ware Lig wat vreugde en vrede gee, iets wat die son net tydelik kan gee. Met Kersfees vier ons die wonder dat God in Christus mens geword en onder ons kom woon het. Die klem van die fees val nie net op die Kind in die krip nie, maar op die Een wat gekruisig is en opgestaan het uit die dood. Tog is die karakter van Kersfees een van uitbundige vreugde.

#### Die vreugde van Kersfees - God vereenselwig Hom met mense

Met Kersfees het ons inderdaad rede tot vreugde, omdat ons hiermee Christus se koms vier as die uitdrukking van God wat Homself so met mense vereenselwig het dat Hy self mens geword het. Ons vier dat Jesus as God voor ons staan. Die Een wat van ewigheid af bestaan het, het mens geword. God wat neergedaal het, klim in die vel van beperktheid, broosheid, verganklikheid en eindigheid. God klim in die mens se vel.

Dit is die rede waarom ons wel vreugde en blydschap kan ervaar tydens Kersfees. Dit gaan nie oor oppervlakkige vreugde nie. Dit is vreugde te midde van die teenstrydighede en uitdagings van die lewe. Die vreugde van Kersfees het niks te make met 'n mentaliteit van ontvlugting of oë toeknyp vir die werklikheid nie. Wanneer ons deel in die vreugde van Kersfees, en wanneer ons die vreugde van Kersfees met mekaar deel, ontken ons nie dat daar dinge in ons lewens is wat ons hartseer of ongelukkig maak nie.

Die troos is egter dat ons nie uitgelewer is aan omstandighede nie. Ons kan hoop en vreugde vind in die feit dat God mens geword het in Jesus Christus - dit is die kruis van

die Kersverhaal. Sy nabyheid, sy deelword van ons leefwêreld is voorwaar rede tot vreugde. God verkeer onder geen illussies oor ons wêreld nie. Die feit dat God sy Seun na ons gestuur het, wys vir ons dat God juis die werklike wêreld liefgehad en daarvoor gesterf het (Bonhoeffer meditasie). Ons lewe nie in 'n ideale wêreld nie, maar God het hiêrdie wêreld lief. God verheug Hom oor mense soos ons, werklike mense soos ons. Nie perfekte, volmaakte mense nie, mense wat ook hartseer raak en pyn ervaar, mense wat nie altyd alles regkry nie en soms misluk.

### Ons is nie uitgelewer nie

Met die Kersboodskap kom sê God dat ons omstandighede nie die laaste sê oor ons lewens het nie. Want Christus is gebore, God het in Christus ons wêreld binnegekom en Hom ten volle met ons vereenselwig. Daarom verval ons nie in 'n fatalistiese uitkyk op die wêreld nie. Daarom gee ons nie op nie. Want ons God is 'n God van ontferming. Ons Heer is Een wat Homself met sy mense vereenselwig, wat hulle geringheid en nood raaksien, wat sy beloftes van ontferming onthou. Die onstabiele ekonomie het nie die laaste sê oor ons nie. Ons is nie uitgelewer aan die omstandighede wat lyk of dit ons wil oorweldig nie. Onsekerheid oor die toekoms, huweliksprobleme, of 'n uitmergelende siekte of verbrokkelende verhoudings, is nie die einde van ons verhaal nie.

Want in die Kersboodskap hoor ons iets van 'n ander orde, 'n ander koninkryk, van nuwe lewensmoontlikhede wat in die realiteit van ons lewens inbreek deur die Kersverhaal. Hoop is nie 'n "cop-out" nie, maar dit is dapper. Dit is om ten spyte van wat jy sien en ervaar, tog iets anders te verwag - omdat jy God verwag. Ons verwag dat God daagliks die konkrete realiteit van ons lewens sal deurbreek met nuwe moontlikhede, in kontinuiteit met hoe Hy 2000 jaar gelede ons realiteit betree het. En dit is voorwaar rede tot vreugde. Dit is waarom ons Kersfees vier.

Vriende, laat ons mekaar dan dra en inspireer hierdie Kersfees. Kom ons bemoedig mekaar deur hierdie Kerstyd, te midde van die dubbelsinnigheid van die lewe. Al die probleme en uitdagings verdwyn immers nie op 'n magiese wyse net omdat dit Kerstyd is nie. Maar ons het hierdie troos - die Kersboodskap van Jesus se koms na die aarde is goeie nuus vir ons. Dit is goeie nuus omdat God sy tuiste onder mense kom maak het, Hy het binne in ons wêreld kom inklim.

En God het gekom om te bly - deur sy Gees. Die Heilige Gees is steeds by ons, wanneer dit goed gaan sowel as in die moeilike tye. Daarom kan ons steeds vreugde vind, al bevind ons onself in uiters moeilike omstandighede. Maar dit is nie maklik nie - ons het mekaar nodig. Ek is so dankbaar dat ek nie die geloofsreis alleen hoef aan te pak nie. Ons is immers deelgemaak van 'n gemeenskap van gelowiges. God het ons aan mekaar gegee as gawes om mekaar te bemoedig en om sy vreugde aan mekaar oor te dra.

Mag ons in hierdie Kerstyd mekaar help om die vreugde van God al hoe meer gestalte te laat kry in ons lewens. Mag ons die vreugde van Kersfees deel met diegene wat hartseer is. Mag die vreugde van Kersfees vanjaar elke donker plekkie in jou hart ophelder. Amen.

Carla Ferreira